

Sing vooraf: Psalm 136:1, 2 (p. 660)

- 1 Loof die HEER met blye klank, / loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 2 Loof die hoogste God en HEER, / wat alle^oaardse mag regeer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm: Skrifberyming 1-1:1, 2, 3 (24:1, 2, 3)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe^oin dooie harte wek.
- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet onderneem ons om volgens die wil van God te lewe met Psalm 40:4 (p. 205)

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte seek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^oen ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 7-2:2 (nuut)

- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Skriflesing: Matteus 9; Lukas 5:33-38; Markus 2:21

Teks: Mattheus 9:17

'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou leersakke nie; anders bars die sakke en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en altwee bly behoue. (Matteus 9:17 AFR1953)

Ons leef in 'n tyd waarin daar van feitlik enige ding 'n namaaksel gemaak kan word wat net soos die oorspronklike lyk.

- Dit het ongelukkig ook die geval geword met ons Godsdien!

Die probleem is dat Godsdien baie maklik 'n gewoonte word.

- Elke mens moet daarom baie nou met God saamleef, en daarteen waak dat sy Godsdien nie in 'n gewoonte verval nie maar dat die nodige diepgang met God altyd jou Godsdien lewendig hou.
- Daar is net doodeenvoudig sekere dinge wat ons in ons Godsdien sal moet toets en, as dit nodig is, verander as ons dit nie in 'n volslae klug wil laat ontaard nie.

In die gedeelte wat ons gelees het, handel dit oor die gebruik wat die mense van daardie tyd gehad het om te vas.

- Die gebruik is altyd streng onderhou deur alle groepe – die dissipels van Johannes die Doper, en die Fariseërs en die hele volk.
- Die Fariseërs was so streng met hierdie saak dat hulle selfs twee dae per week gevas het.
 - Die vasdae het 'n demonstrasie van hulle vroomheid geword.
 - Dit het 'n bewys na buitekant toe geword dat hulle goeie gelowiges is wat die wette van die Here onderhou.

Maar omdat hulle gesindheid verkeerd was,

- het hulle die kontak met God verloor.
- Toe het hierdie Godsdiensoefeninge bloot 'n deel van hulle daaglikse roetine geword.

Nou moet ons ook hierdie saak deurtrek na vandag toe. Dit is duidelik dat daar kerkmense is wat in twee uiterstes kan verval:

- Of daar word net niks gedoen nie – byvoorbeeld as iemand 'n swak kerklidmaat is wat voortdurend bearbei moet word om sy geloofslewe op spoed te hou.
- Of daar word verval in 'n vertoon van uiterlikheid.

Altwee hierdie foute is ewe ernstig.

- Die feit dat iemand 'n paar goeie gewoontes het, waarvan die swakker lidmaat nie het nie, maak daardie persoon nie beter daaraan toe as wat die ander een is nie.
- Dit is omdat God ons nie die saligheid skenk op grond van ons gewoontes nie, maar op grond van die geloof wat die Drie-Enige God aan ons skenk – en wat ons daarmee maak!
- Dit gaan oor hoe ons hierdie geloof in 'n *lewende* lewensgemeenskap met Hom beoefen.

Hierdie mense het van vas 'n saak gemaak, terwyl die tyd van vas verbygegaan het, want voor hulle het die Christus van die Nuwe Testament gestaan.

- Hulle het so vas gebly aan die dinge wat hulle gewoonlik gedoen het in hulle Godsdien dat hulle nie die vervulling in God se raadsplan gesien het nie.
- Hulle het so gestagneer dat die hele verlossingsgebeure by hulle verbygegaan het.

Daarom beskuldig die Here hulle van sielsblindheid:

- Kan die bruilofsgaste treur solank die Bruidegom by hulle is?
- Kan julle nie sien wat het in die gang van die heilsgeskiedenis gebeur nie?
- Dit is nou tyd om met die volle uitlewing van die blydskap oor jou verlossing te juig, want die Christus is hier!

Ons staan eintlik baie skuldig voor die woorde van die Here Jesus, want van daardie dag af tot nou toe het die verlossingsraad van God 'n paar aansienlike verwikkelings deurgemaak. Die vraag is net of ons verder gegroei het as die Fariseërs.

- As die Here vir hulle kon sê dat Godsdienis nie meer 'n pyn is waarin jy een dag sonder kos moet bly sodat jou hongerpyn jou ellendes vir jou moet bewys nie – wat gaan Hy dan vir ons sê, want vir baie van ons is die hele saak van opoffer om kerk te besoek, en kerklike bydraes en selfs kerklike meeewing op ander vlakke 'n pyn!
- Die Here het nie waardering vir sulke mense nie.

Die Here leer ons juis om met voluitvreugde te lewe soos mense by 'n troue!

- Ons is uitverkorenes wat reeds na die dood van ons Verlosser lewe, en wat enige oomblik sy verskyning verwag!

Die Fariseërs kon die ding nie regkry nie. Daarom het hulle optrede, volgens die Here Jesus, juis hulle oordeel bevestig.

As ons in ons persoonlike Godsdienis in pas is, waarom moet ons soms so sukkel om God te dien?

- Ons het soms die snaaksste verskonings waarom ons sukkel met die uitlewing van ons beginsels.
- Dikwels doen iemand 'n lelike ding, en dan is sy verskoning dat hy nie nou tussen kerkmense is nie, en dat jy soos hulle moet maak wanneer jy by hulle is!

Die Here Jesus leer ook die skadukant: Daar sal 'n tyd van vas kom.

- Hy verwys hier na die groot hartseer wat daar oor die dissipels sal kom wanneer Hy gekruisig en begrawe gaan word
- Maar dit raak ons nie direk nie, want intussen het Hy al lankal opgestaan en 'n ander Trooster – die Heilige Gees – gestuur om ons te help voortlewe in blydskap!

Ons leef nou in die tydperk van die nuwe kleding en die nuwe wyn waarna die Here Jesus verwys.

- Die tyd waarin God in ons woon.
- Dit is mos nou die tyd waarin ons liggame die blyplek van die Heilige Gees is.
- Die sonde en die tyd van beloftes het verbygegaan.

Ons sit met al die feite van die vervulling – daarom kan ons voluit en met blydskap deur elke dag jubel in ons geloof!

Om dit goed te verduidelik het die Here Jesus 'n beeld gebruik – iets wat hulle goed geken het uit die wynmakery.

- Hulle het nuwe wyn in nuwe leersakke gegooi, want nuwe wyn het gegis, en dan kon die leer rek sonder dat dit bars.
- Ou leersakke kan nie meer rek nie, en as daar nuwe wyn ingegooi word, het dit gebars – dan was die sak en die wyn daarmee heen, want die sak was stukkend en die wyn het uitgeloopt.

Die Here Jesus se boodskap aan die Fariseërs is dat die Godsdienis vandat Hy aarde toe gekom het, 'n nuwe inhoud het: **Ek is die Bruidegom.**

- Julle moet lewe soos bruilofsgaste in julle Godsdienis.

- Daar moet dus by die Nuwe-Testamentiese Christen 'n innerlike lewensvernuwing kom.

Die Heilige Gees werk nie meer soos in die Ou Testament die beloftes van 'n Verlosser wat aan die kom is, in ons harte nie.

- Hy werk nou met die vervulling – Hy laat ons lewe in die krag van die Verlosser se verdienste.
- Die Verlosser het reeds sy werk op aarde afgehandel.
- Hy werk by ons 'n nuwe lewensbeginsel, naamlik dat die Verlosser al weg is en dat Hy die volmaakte vir ons voorberei – Hy is nou die Bruidegom wat gereed maak om sy bruid by Hom te ontvang.

Hy het klaar sy almag geopenbaar – in sy opstanding en in die feit dat Hy sommer so voor ons oë kon weggaan na die hemel.

Ons leef tans in die verwagting dat hierdie Verlosser weer verskyn,

- en dat die nuwe aarde neerdaal – waarop ons gaan bly,
- en dat Hy ons van hierdie wêreld af wegneem na die bedeling waarin daar geen letsel van sonde of onvolmaaktheid is nie.

In dieselfde gedeelte in Lukas 5:39 sê die Here Jesus nog daarby dat niemand wat die ou wyn gedrink het, nie dadelik nuwe wyn drink nie, want hy sê dat die oue beter is.

- Weer 'n keer word hier 'n geloofswaarheid oopgevlék:
 - Die mens van sonde wil nie van die ou dinge afstand doen nie – dit geld nou alles, van niksdoen tot verkeerd doen.
- Die gevaar is dus dat die sondaar nie in staat is om sy onwilligheid te laat vaar, en die verantwoordelikheid van sy verlossing voluit te aanvaar nie.

Sulke mense sal nooit in die hemel wees nie – hulle is nie op die bruilof van die Lam nie omdat hulle die Bruidegom nie ken nie.

Die oordeel van hierdie gedeelte is dit:

- Godsdienst is soos die hel, pynlik vir die valse gelowige.

Maar dit het ook die genadekant:

- Dit is 'n bruilofsfees vir die ware gelowige – die mens wat van harte bekeer is.

Die moontlikheid is daar dat ons almal met 'n nuwe gesindheid kan lewe.

- Die moontlikheid word moontlik gemaak deur die kruisdood van ons Here Jesus Christus.
- Hy het gesterf sodat ons wat uitverkore is, die krag kan ontvang om werklik voluit te kan volhard in die geloof: van harte!
- Maar Hy het ook juis nie met sy dood die verantwoordelikheid van ons af weggeneem nie:
 - ons moet nog steeds so opreg lewe dat 'n voluit Godsdienst en 'n ware bekering in ons lewe 'n werklikheid is.

Laat ons dus lewe soos nuwe wyn wat in nuwe sakke in wording is . . . ter wille van die Bruidegom wat ons verlos het. Mag ons geloofslewe 'n lied wees wat van ons verlossing sing!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 45:9 (p. 233)

9 O dogter, wat die bruidsroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!

Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 29 Maart 2009